



KLIK HIER VIR DIE AFRIKAANSE WEERGAWE | CLICK HERE FOR ENGLISH VERSION

16/11/2012  
WEEK 46 - 2012

In hierdie uitgawe...

- Brandstofpryse vir Desember 2012
- Voedselveiligheidsvereistes vir grondboonprodusente
- Voorraadvlakke vir die 2012/2013- en 2013/2014-bemarkingsjare
- Landboutoestande vir somergrane soos op 14 November 2012

## **Brandstofpryse vir Desember 2012**

*Petru Fourie (ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

» Volgens die jongste inligting van die Sentrale Energiefonds kan die petrolprys op 5 Desember met 46 sent per liter, en die dieselprys met 28 sent per liter, **DAAL**.

Die verwagte daling is grootliks as gevolg van die olieprys wat vanaf 'n gemiddeld van \$111,30 per vat in Oktober, tot 'n gemiddeld van \$108,00 per vat in November gedaal het. Die rand/dollar-wisselkoers het gedurende dieselfde tyd met 0,28% verswak, wat die effek daarvan op brandstofpryse tot op datum gering maak.

Terug na bo

## **Voedselveiligheidsvereistes vir grondboonprodusente**

*Corné Louw (senior ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

» Die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye gaan via PPECB hierdie seisoen in erns begin om grondboonproduksie vir voedselveiligheidsdoeleindes op plaasvlak te oudit.

In Augustus is die voldoeningkriteria en kontrolepunte aan lede gestuur. Weens baie navrae uit die veld, het PPECB ook dié dokument in Afrikaans beskikbaar gestel. Dit kan by die volgende skakel afgelaai word:

[http://www.grainsanews.co.za/AF/Week\\_46/grondboonprodusente.html](http://www.grainsanews.co.za/AF/Week_46/grondboonprodusente.html)

Terug na bo

## **Vorraadvlakke vir die 2012/2013- en 2013/2014-bemarkingsjare**

*Wessel Lemmer (senior ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

» Wat die bemarkingsjaar van 2012/2013 (ou seisoenvoorraad) aanbetref, beloop die aanplantings van die huidige bemarkingsjaar 2,69 miljoen hektaar, terwyl produksie 11,495 miljoen ton behoort te wees. Indien uitvoere van 1,171 miljoen gaan realiseer, kan die eindvoorraad 1,327 miljoen ton op 30 April 2013 wees. Die surplus van 205 000 ton bo die pyplynbehoefte, veroorsaak dat pryse teen uitvoerpariteit verhandel.

Volgens die produsentlewerings tot op datum, blyk dit egter dat die oes tot soveel as 300 000 ton onderskat kan wees. Verwag dus dat die surplus bo die pyplynvoorraad moontlik met 305 000 ton kan toeneem.

### **Bemarkingsjaar 2013/2014 - nuwe seisoenvoorraad**

Weens die hoër verwagte produksie in 2012/2013 en 'n hoër beginvoorraad van 305 000 ton, behoort die surplus bo die

pyplyn 1,7 miljoen ton in 2013/2014 te beloop indien 'n uitvoersyfer van 1,4 miljoen ton gaan realiseer. Mieliepryse vir lewering in Julie 2013 verhandel onder uitvoerpariteit. Sommige is van mening dat die oppervlakte aangeplant selfs 2,85 miljoen hektaar kan beloop teenoor die voorneme van 2,735 miljoen hektaar.

Dit gaan uiters belangrik wees om suksesvolle uitvoere in 2013/2014 te sien.

[Terug na bo](#)

## **Landboutoestande vir somergrane soos op 14 November 2012**

*Petru Fourie (ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

### **» KwaZulu-Natal**

Toestande lyk baie goed in KwaZulu-Natal en daar is voldoende ondergrondse vog. Produsente is so 95% klaar met hul mielie- en sojaboon-aanplantings. Gewasse wat al opgekom het, lyk baie mooi. Haelstorms het in sommige areas voorgekom, maar geen ernstige skade is aangerig nie.

### **Mpumalanga**

Produsente is feitlik klaar met hulle mielie-aanplantings, aangesien tussen 95% - 97% van die mielies alreeds aangeplant is. Produsente is nog besig met hulle sojaboon-aanplantings - tot op datum is ongeveer 80% van die provinsie se sojabone klaar aangeplant. Die toestande in Mpumalanga lyk baie goed en goeie opvolgreën het reeds voorgekom op die gewasse wat reeds aangeplant is. Mielies wat alreeds opgekom het, lyk baie goed en die stand is mooi.

Hael het in sekere areas voorgekom. Die skade daarvan op mielies is relatief min, aangesien dit nog jonk is, alhoewel haelskade op sojabone stadiger herstel.

### **Vrystaat**

#### *Oos-Vrystaat*

Sprake is dat die omgewing lanklaas sulke ideale toestande beleef het en ondergrondse vog is goed. Produsente het so 80% - 90% van hulle mielies klaar aangeplant, terwyl so 70% - 80% van die sojabone klaar geplant is. As gevolg van die huidige beter vogtoestande, het dié seisoen se aanplantings vinniger in aanvang as verlede seisoen geneem.

Die Clocolan/Ladybrand/Tweespruit-omgewing is bietjie droëer en reën word dringend benodig om die plantproses te voltooi.

#### *Noordwes-Vrystaat/Sentrale Vrystaat*

Reën het die afgelope week kol-kol in die Noordwes-Vrystaat voorgekom en produsente kon hul grondvoorbereidings voltooi. Produsente in die grootste dele van die Noordwes-Vrystaat (Bothaville/Viljoenskroon/Kroonstad/Wesselsbron/Hoopstad) het dié week eers begin plant. Die vordering met aanplantings wissel baie en sprake is dat produsente in die Vuurfontein-omgewing ongeveer 60% - 70% klaar geplant het, terwyl produsente naby Wesselsbron ongeveer 8% klaar geplant is. In die Welkom-omgewing word daar tans slegs op oorlêlande geplant. Die ondergrondse vogsituasie is oor die algemeen onvoldoende en goeie wydverspreide reën word afgewag.

In die Bultfontein/Theunissen-omgewing is produsente grotendeels klaar met hulle primêre bewerkings, terwyl enkele produsente in die Hertzogville-omgewing nog dringend op reën wag om hul bewerkings te kan voltooi. Produsente begin middel-November met hulle somergraan-aanplantings en reën word dringend benodig, aangesien die grootste gedeelte se ondergrondvogsituasie nie te goed is nie.

### **Noordwes Provinsie**

#### *NWK-bedieningsgebied*

Daar is nog geen somergewasse, behalwe vir dit onder besproeiing, tot op datum aangeplant nie. Reën het die afgelope naweek kol-kol voorgekom, maar goeie deurdringende, verspreide reën word benodig. Produsente begin middel November met hulle mielie aanplantings en die afgelope streepbuie word verwelkom. As gevolg van onvoldoende ondergrondse vog, is bo-gemiddelde reën nodig vir gemiddelde opbrengste.

#### *Suidelike dele van die Noordwes Provinsie*

Reën het kol-kol voorgekom, maar toestande is oor die algemeen droog in die suidelike dele van Noordwes. Aangesien onvoldoende reën tot op datum voorgekom het, is groot dele van die gebied se primêre bewerkings nog nie voltooi nie. Produsente begin op 20 November met hulle mielie-aanplantings, maar goeie deurdringende reën is noodsaaklik, aangesien die seisoen met swak ondergrondse vog begin.

[Terug na bo](#)

[www.grainsa.co.za](http://www.grainsa.co.za)

Subskripsie-navrae/Subscription enquiries: [rialeen@grainsa.co.za](mailto:rialeen@grainsa.co.za)

